
# READING ACADEMY



## BOEK 3

# KABV-LEESAKTIWITEITE 1

## LEER KINDERS HOE OM TE LEES

**10** URE

Al 10 lesse moet voltooi word

Western Cape Government
Education

Funda Wande
Reading for Meaning

# Verwelkoming en oriëntasie

Welkom by Funda Wande Reading Academy se Boek 3, die geleidelike-oordrag-model vir die onderrig van lees: vyf KABV-leesaktiwiteite.

Hierdie module bevat vyf leesaktiwiteite wat gebruik word vir die onderrig van die komponente van die leeskurrikulum wat in die KABV vervat is. Hierdie leesaktiwiteite is:
Onderwyser lees hardop Gedeelde lees
Groepbegeleide lees  Lees in pare
Selfstandige lees

Die onderwyser verminder geleidelik die steiering wat sy in hierdie aktiwiteite aan leerders voorsien terwyl hulle lees, en leerders neem toenemend verantwoordelikheid om selfstandig te lees. Ons noem dit die onderrigmodel vir geleidelike oordrag van verantwoordelikheid. Die model word in die eerste twee lesse behandel.

Daar is 20 lesse in hierdie module en elke module sal ongeveer een uur neem om te voltooi. Jy behoort die module binne 20 ure te voltooi.

Dis belangrik dat jy die lesse in volgorde doen, aangesien elke les voortbou op die inhoud van die vorige een. Ons moedig jou aan om tydens elke les 'n aktiewe leser te wees.

Elke les het 'n **video('s)** waarna jy moet kyk (klik op 'kyk nou') en 'n **selfassessering** wat voltooi moet word.











## Oorsig van die les en onderwerpe

**LES 1**
**Die geleidelike-oordrag-model** — *Bladsy 3*

**LES 2**
**Oorsig van die KABV-leesaktiwiteite** — *Bladsy 9*

**LES 3**
**Die vyf leesaktiwiteite oor die grade heen** — *Bladsy 16*

**LES 4**
**Alles oor 'onderwyser lees hardop'** — *Bladsy 18*

**LES 5**
**Die les in hardop lees** — *Bladsy 23*

**LES 6**
**Assessering tydens hardop lees** — *Bladsy 28*


**LES 7**
**Alles oor gedeelde lees** — *Bladsy 32*


**LES 8 + 9**
**Die onderrig van gedeelde lees, drie keer per week** — *Bladsy 36*


**LES 10**
**Assessering tydens gedeelde lees** — *Bladsy 41*


**ANTWOORDE OP VRAE IN LESSE** — *Bladsy 44*

# Die Funda Wande
# READING ACADEMY
# Reeks




Om die meeste baat uit hierdie kursus te vind, sorg asseblief dat jy die video's klaar kyk en dat jy elke selfassessering voltooi.

Ons moedig jou aan om deur die loop van die kursus 'n aktiewe leser en kyker te wees. Die assesserings in die kursus help om jou kennis na te gaan – die antwoorde verskyn aan die einde van elke les. Daar sal na afloop van die module 'n finale assessering wees.

Die finale assessering bestaan uit twee toetse en die besonderhede is soos volg:

- Toets 1 word na die voltooiing van Boek 1 en 2 afgelê.
- Toets 2 na die voltooiing van Boek 3 en 4.
- Elke toets duur 1 uur en is in die formaat van veelvuldige keuse.
- 'n Aanlyn skakel vir elke toets sal op die geskeduleerde datum voorsien word.
- Jy sal jou uitslae ontvang deur aan die einde van elke toets op die 'submit'-knoppie te druk.
- Sou jy die toets druip, sal jy 'n tweede kans kry om die toets af te lê en 'n nuwe datum sal daarvoor geskeduleer word.

Ons hoop jy geniet die kursus en vind baat daarby!





# Les 1: Die geleidelike-oordrag-model

60 mins

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Wat die geleidelike-oordrag-model is
- Hoe die verskillende KABV-leesaktiwiteite 'n gestruktureerde benadering tot die onderrig van lees voorsien

Die KABV spesifiseer vyf aktiwiteite vir die onderrig van lees in die grondslagfase, benewens die stelselmatige en eksplisiete onderrig van klankleer, naamlik:

1. Onderwyser lees hardop
2. Gedeelde lees
3. Groepbegeleide lees
4. Lees in pare
5. Selfstandige lees

In hierdie aktiwiteit bied die onderwyser verskillende vlakke ondersteuning aan leerders. Die verantwoordelikheid vir lees word geleidelik van die onderwyser na die lesers oorgedra. Hierdie proses vind oor die drie jaar van die grondslagfase plaas.

Die vyf KABV-leesaktiwiteite vorm saam 'n voorbeeld van 'n benadering tot onderrig genaamd die geleidelike-oordrag-model. In hierdie model dra die onderwyser geleidelik die verantwoordelikheid vir 'n aktiwiteit (soos lees) van haarself na die leerders oor. Die onderwyser demonstreer (of modelleer) aanvanklik wat sy wil hê die kinders moet leer en doen dit dan saam met hulle en gee al hoe minder ondersteuning (d.w.s. sy verminder geleidelik die ondersteuning) totdat hulle dit op hul eie kan doen (of ten volle verantwoordelik is om die aktiwiteit te doen). Namate die onderwyser verantwoordelikheid oordra, neem die leerder toenemend verantwoordelikheid vir die aktiwiteit.

Die geleidelike-oordrag-model kan in enige leersituasie toegepas word. 'n Voorbeeld hiervan is hoe 'n kind leer om fiets te ry:


**Om te leer lees is soos om te leer fiets ry.**

a) **Aan die begin:** Baie hulp en ondersteuning.
b) **Halfpad deur:** 'n Bietjie minder hulp maar die kind kan nog nie alleen ry nie.
c) **Aan die einde:** Die kind kan self fiets ry.



## Kyk na die diagram hier onder

Let op wie die leeswerk in die verskillende KABV-leesaktiwiteite doen. 'n Ander manier om na hierdie geleidelike benadering te kyk, is met hierdie drie stappe:




1. Modellering deur onderwyser (ek doen).
2. Onderwyser en kinders oefen saam (ons doen).
3. Die kinders kry geleentheid om dit op hul eie te doen (jy doen.)



VIDEO

9 mins

## Kyk na video 24: Gradual Release

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:

1. Watter "ek doen"-aktiwiteite word deur die onderwyser gedoen?
2. Watter "ons doen"-aktiwiteite word saam deur die onderwyser en die leerders gedoen?

Watter "jy doen"-aktiwiteite word deur die leerders alleen gedoen?




WATCH NOW

### Belangrike punte uit die video

Die KABV-leesaktiwiteite

**Voorsien 'n gestruktureerde proses:** Hierdie gestruktureerde proses help leerders om selfstandige lesers te word.

**Ondersteun die leerders:** Dit stel die onderwyser in staat om vir die hele klas asook vir individue ondersteuning te gee op die vlak wat nodig is.

**Bied geleenthede vir verskillende soorte oefening:** Die klaskamer word vir elke aktiwiteit anders ingedeel en leerders ervaar sodoende verskillende patrone om hulle lees te oefen.

VRAE

### Gaan jou begrip na: Waar of onwaar?

**Antwoorde**

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

1. Die vyf KABV-leesaktiwiteite volg die raamwerk van die geleidelike-oordrag-model. **Waar of onwaar?**
2. 'n Onderwyser lees hardop vir klein groepe terwyl die res van die klas besig is. **Waar of onwaar?**
3. Die vyf KABV-leesaktiwiteite is daarop gemik om kinders te bring op 'n vlak waar hulle 'n gepaste teks met begrip op hul eie kan lees. **Waar of onwaar?**
4. Die vyf KABV-leesaktiwiteite word in alle grade in die grondslagfase geoefen. **Waar of onwaar?**

**Besinning**

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Dink oor die voordele wat dit inhou om verskillende maniere te gebruik om leerders in klasse in die grondslagfase in te deel (hele klas, klein groepe, pare, individue).
2. Help dit om 'n vergelyking te tref tussen om iemand te leer lees en om iemand te leer fietsry?

Welgedaan! Jy het Les 1 voltooi.



## Les 2: Oorsig van die KABV-leesaktiwiteite

60 mins

Welkom terug.

### Wat jy in hierdie les sal leer

- Hoe om die ruimte in die klaskamer anders in te rig vir elke leesaktiwiteit.
- Die wisselende rolle van die onderwyser in hierdie aktiwiteit.
- Hoe hierdie aktiwiteite op 'n rooster toegeken word.
- Watter tekste in elke aktiwiteit gebruik sal word.

VIDEO

### Kyk weer na video 24: Gradual Release

9 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:

1. Hoe word die klaskamer vir elke leesaktiwiteit ingedeel?
2. Watter rol speel die onderwyser in elke aktiwiteit?
3. Waarom word verskillende soorte teks in elke aktiwiteit gebruik?




WATCH NOW

## Indeling van die klaskamer vir die KABV-leesaktiwiteite

Video 24 in les 1 het gehandel oor hoe die verskillende leesaktiwiteite in die verskillende ruimtes in die klaskamer plaasvind.

**Kyk na die diagram hier onder:**


Onderwyser is verantwoordelik


Kind is verantwoordelik



| | Hardop lees | Gedeelde lees | Groepbegeleide lees | Lees in pare | Selfstandige lees |
|---|---|---|---|---|---|
| Hoe die klas ingedeel word | Hele klas | Hele klas/ Klein groepe op die mat | Klein groepe op soortgelyke vlak op die mat | Pare sit waar hulle wil | In die biblioteek/ leeshoekie/ waar hulle wil |

Let op die verskillende ruimtelike groeperings vir elke leesaktiwiteit.

1. **Hardop lees –** hele klas by hul lessenaars. Die onderwyser se rol is belangrik.
2. **Gedeelde lees –** hele klas op die mat rondom 'n groot boek. Onderwyser en leerders speel saam hul rolle.
3. **Groepbegeleide lees –** klein groepe op mat saam met onderwyser. Die res van die klas by hul lessenaars. Leerders lees meestal op hul eie met 'n bietjie ondersteuning van die onderwyser.
4. **Lees in pare –** kinders lees twee-twee (kan die hele klas wees of die res van die klas tydens groepbegeleide lees). Maats neem ewe veel verantwoordelikheid vir lees.
5. **Selfstandige lees –** elke kind lees eie teks (kan by lessenaar, op mat, in biblioteek of selfs buite wees) en neem individuele verantwoordelikheid vir lees.



## Onderwyser en leerders se rolle

Die onderwyser en die kinders speel verskillende rolle tydens elke leesaktiwiteit.

**Kyk na die diagram hier onder:**
Let op wat die onderwyser en die kinders tydens elke leesaktiwiteit behoort te doen.


Onderwyser is verantwoordelik


Kind is verantwoordelik

| | Hardop lees | Gedeelde lees | Groepbegeleide lees | Lees in pare | Selfstandige lees |
|---|---|---|---|---|---|
| Wat die kinders doen | Kyk, luister, interaksie vind plaas | Neem deel, gebruik leesstrategieë | Neem beurte om te lees, onderwyser help | Lees vir 'n maat | Lees self |
| Wat die onderwyser doen | Modelleer hardop lees, inspireer en motiveer. | Onderrig eksplisiet strategieë. Lei kinders om saam te lees. | Luister hoe kinders lees. Help hulle as hulle vasdraai. | Groepbegeleide lees terwyl die res van die klas lees in pare doen. | Lees alleen. Lees ook selfstandig. Deel leeslewe met die kinders. |

Let daarop dat nie die onderwyser óf die leser op enige tydstip passief is nie. Die onderwyser moet selfs tydens selfstandige lees 'n boek van sy of haar keuse lees.

## Tydstoekenning

1. **Hardop lees –** (onderwyser lees 'n interessante teks/storie vir die klas). Toegewyde tyd word nie op die rooster hiervoor toegeken nie. Dit word aan die onderwyser oorgelaat om elke dag vir hierdie noodsaaklike aktiwiteit tyd te maak.
2. **Gedeelde lees –** die rooster maak drie keer 'n week hiervoor voorsiening.
3. **Groepbegeleide lees –** 30 minute word elke dag hiervoor toegeken – in al die grade.

Dit is belangrik dat kinders gereeld "amptelike" periodes het waartydens selfstandige leer aangemoedig word. Lees in pare en selfstandige lees kan plaasvind terwyl die onderwyser met klein groepe vir groepbegeleide lees werk. Baie skole het daagliks of weekliks 'n periode vir "los alles en lees" (selfstandige lees).

**Kyk na die diagram hier onder:**




Let daarop dat nie die onderwyser óf die leser op enige tydstip passief is nie. Die onderwyser moet selfs tydens selfstandige lees 'n boek van sy of haar keuse lees.



## Verskillende hulpbronne vir verskillende leesaktiwiteite

Aangesien die doel van elk van die vyf leesaktiwiteite verskil, word daar van verskillende soorte teks gebruik gemaak.

**Kyk na die diagram hier onder:**




Let op die verskillende tekste wat vir die verskillende aktiwiteite benodig word.

**Tekste wat vir elke aktiwiteit benodig word:**

1. **Hardop lees –** relevante boek/teks wat deur onderwyser gekies word.
2. **Gedeelde lees –** groot boek wat vir alle leerders sigbaar is.
3. **Groepbegeleide lees –** gegradeerde leesboeke.
4. **Lees in pare –** gegradeerde leesboeke of ander boeke op die geskikte vlak.
5. **Selfstandige lees –** kind kies eie boek.

## Verwys na die tabel hieronder

Dit is 'n samevatting van die leesaktiwiteite, die onderwyser en kinders se rol en die ruimtelike indeling, asook die hulpbronne wat vir elke aktiwiteit gebruik word.

Onderwyser is verantwoordelik → Kind is verantwoordelik

| | Hardop lees | Gedeelde lees | Groepbegeleide lees | Lees in pare | Selfstandige lees |
|---|---|---|---|---|---|
| Wie lees? | Onderwyser modelleer lees | Onderwyser en kinders saam | Kinders met onderwyser se hulp | Kind saam met 'n maat | Kind op sy/haar eie |
| Hoe die klas ingerig word | Hele klas | Hele klas/klein groep op mat | Klein groepe op soortgelyke vlak op die mat | Pare sit waar hulle wil | In biblioteek/leeshoekie/waar hulle wil |
| Watter BOEKE gebruik ons? | Goeie boek: Onderwyser se keuse | Groot boek | Leesboeke op dieselfde vlak | Op geskikte vlak | Kind se keuse |
| Wat die kinders doen | Kyk, luister, interaksie vind plaas | Neem deel, gebruik leesstrategieë | Neem beurte om te lees, onderwyser help | Lees vir 'n maat | Lees self |
| Wat die onderwyser doen | Modelleer hardop lees, inspireer en motiveer | Onderrig strategieë eksplisiet. Lei kinders om saam te lees | Luister na kinders wat lees. Help hulle as hulle vasdraai | Groepbegeleide lees terwyl die res van die klas lees in pare doen | Lees alleen. Lees ook selfstandig. Deel leeslewe met kinders |
| WANNEER doen ons dit? | Elke dag vir 15 min. (30 min. vir Graad R) | 15 min., drie keer per week | 15 min., twee keer per week per groep | Drie keer 'n week in Graad R en 1, 20 min. per dag in Graad 2 en 3 | |



VRAE

### Gaan jou begrip na: Pas die kolomme

Kies die leesaktiwiteit in **Kolom 1** wat pas by die onderwyser se rol in **Kolom 2.**

| **1**/ LEESAKTIWITEIT | **2**/ ONDERWYSER SE ROL |
|---|---|
| 1 Hardop lees | a. Onderwyser demonstreer eksplisiet 'n leesstrategie en lei die kinders om saam met haar te lees. |
| 2 Gedeelde lees | b. Onderwyser luister hoe elke kind lees en lei met die toepassing van strategieë. |
| 3 Groepbegeleide lees | c. Onderwyser lees stilweg haar eie boek om te modelleer en die kinders te inspireer. |
| 4 Selfstandige lees | d. Onderwyser lees 'n teks hardop vir die kinders. |

### Besinning

Voordat jy jou antwoorde nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Hoe dikwels lees jy 'n interessante en opwindende boek hardop vir jou leerders?
2. Wanneer laas het jy jou eie boek net vir die lekkerte gelees?

**Antwoorde**

Welgedaan! Jy het Les 2 voltooi.

# Les 3: Die vyf leesaktiwiteite oor die grade heen

60 mins

Welkom terug.

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Hersiening van die leesvordering wat oor die grondslagfase verwag word
- Hoe die intensiteit en fokus van die vyf aktiwiteite van Graad R na Graad 3 verander

Hierdie les bied 'n samevatting van hoe die komponente van lees (module 1) en die vyf leesaktiwiteite (hierdie module) by mekaar pas. Dit beklemtoon ook dat al vyf leesaktiwiteite van Graad R tot Graad 3 moet plaasvind, maar die fokus en intensiteit van die verskillende

VIDEO

**Watch video 32: 4 Teaching Questions**


6 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:

1. Hoe word begrip deurelke aktiwiteit ontwikkel?
2. Waar pas dekodering in?
3. Watter aktiwiteite fokus op reaksie?

Die volgende vrae sal jou aanspoor om te dink oor hoe die vyf leesaktiwiteite oor die grondslagfase effens van fokus verander.

a) Hoe verskil die tekste vir hardop lees van Graad R tot Graad 3?
b) Is gedeelde lees nodig in Graad 3 as die meeste kinders op hul eie kan lees?
c) Watter soort aktiwiteite sal 'n Graad R-onderwyser in klein groepsessies doen en hoe verskil dit van groepbegeleide lees?
d) Is lees in pare moontlik in Graad R en Graad 1?
e) Wat is die waarde van selfstandige lees in Graad 1?




WATCH NOW



VRAE

**Gaan jou begrip na: Waar of onwaar?**

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

**Antwoorde**

1. Wat die geleidelike-oordrag-model betref, moet die fokus in Graad 3 op selfstandige lees wees. **Waar of onwaar?**
2. Groepbegeleide lees is noodsaaklik in Graad 1 tot 3. **Waar of onwaar?**
3. As die meeste leerders in Graad 3 kan lees, is dit beter om die tyd vir gedeelde lees te gebruik vir die sterker lesers om lees in pare te doen, en sodat die onderwyser 'n klein groep sukkelende leerders met hul leeswerk kan help. **Waar of onwaar?**
4. As die onderwyser nie selfstandige lees skeduleer en klem daarop lê nie, sal dit waarskynlik nie gebeur nie. **Waar of onwaar?**

**Besinning**

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Gebruik ek al vyf leesaktiwiteite vir toepassing en die onderrig van my leerders, maar gebruik ook my professionele oordeel oor watter aktiwiteite op sekere tye nuttiger sal wees?
2. Het ek 'n duideliker begrip van hoe die vyf leesaktiwiteite saamwerk om die leerders te ondersteun in hul vordering van sukkelende lesers na selfstandige lesers?



Welgedaan! Jy het Les 3 voltooi.

# Les 4: Alles oor 'onderwyser lees hardop'

**60 mins**

Welkom terug.

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Wat gebeur tydens 'n aktiwiteit waar die onderwyser hardop lees en waarom is dit belangrik?
- Hoe om geskikte tekste vir aktiwiteite tydens hardop lees te kies.

## Wat is 'onderwyser lees hardop'?

Onderwyser lees hardop is 'n noodsaaklike aktiwiteit waartydens die onderwyser vir die hele klas hardop lees. Hierdie les behandel alles oor hardop lees, waarom dit kritiek in die leerders se leesontwikkeling is en wanneer in die skooldag dit moet plaasvind. Tydens hardop lees sal die onderwyser 'n lekker storie, met uitdrukking, vir die hele klas lees. Die kinders ervaar hoe dit klink om goed te lees en hulle sien hoe baie die onderwyser dit geniet om te lees. Dit motiveer hulle om self te lees.

VIDEO

### Kyk na video 33: What is Teacher Read Aloud?

**3 mins**

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:

1. Wat leer die kinders oor hoe 'n goeie leser lyk en klink?
2. Wat doen die onderwyser om elke storie "lewendig" te maak?
3. Waarom is dit belangrik dat die kinders die aktiwiteit moet geniet?




WATCH NOW




## Waarom is dit belangrik dat die onderwyser hardop lees?

1. Dit is lekker: Kinders sien dat lees lekker en betekenisvol is. Dis vir hulle lekker om die storie te hoor en hulle leer dat lees 'n prettige aktiwiteit kan wees. Dit motiveer hulle om al hoe meer te lees.
2. Dit stel die onderwyser in staat om vloeiende, uitdrukkingsvolle lees te modelleer: Kinders hoor hoe goeie leeswerk klink.
3. Dit bou kennis: Kinders hoor interessante woorde, taal en idees. Dit bou hulle woordeskat en kennis van die wêreld.

## Wanneer vind onderwyser lees hardop plaas?

1. Hardop lees moet ideaalgesproke elke dag plaasvind. Navorsing toon dat dit 'n positiewe verskil aan kinders se geletterdheid maak as dit gereeld plaasvind.
2. Die KABV spesifiseer nie 'n periode vir hardop lees nie, maar daar is oorgenoeg tyd tydens luister en praat, asook tydens lewensvaardighede
3. Hardop lees is ook belangrik tydens die periodes vir huistaal en Engels eerste addisionele taal.
4. Hardop lees kan enige tyd in die skooldag plaasvind. Baie onderwysers hou daarvan om aan die begin of einde van elke skooldag, of na pouse, hardop te lees want dit bring die kinders tot bedaring en laat hulle fokus.





Funda Wande
Reading for Meaning

## Tekste vir hardop lees

VIDEO

### Kyk na video 36: What texts do I use for Read Aloud?

**1** mins

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:

1. Waarom lees die onderwyser 'n aktuele koerantverslag?
2. Vind hierdie hardop lees tydens 'n les in geletterdheid plaas?
3. Moet leerders altyd die tekste bespreek wat hulle tydens hardop lees hoor? Waarom/ waarom nie?




WATCH NOW

### Kyk na video 38: What texts do I use for Read Aloud?

**2** mins

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:

1. Waar het die onderwyser hierdie storie gevind?
2. Het jy al voorheen Nal'ibali-stories vir jou leerders gelees?
3. Waarom gebruik hy uitdrukking in sy stem, veral wanneer die dialoog tussen die diere gelees word?




WATCH NOW



## Kriteria vir die seleksie van boeke vir hardop lees

**Die stories moet innemend wees:**

1. Kies stories wat kinders interessant en opwindend sal vind. Dit is gewoonlik goed geskrewe kinderstories wat interessante woordeskat, idees en taal bevat.
2. Lees boeke wat soos spieëls is – wat die leerders se lewe en ervarings weerspieël – maar lees ook boeke wat soos vensters is – wat hulle blootstel aan nuwe dinge en nuwe benaderings.
3. Gegradeerde leesboeke werk gewoonlik nie goed vir hardop lees nie, want die taal en karakters daarin is nie interessant genoeg nie.

**Die tekste moet variërend wees:**

1. Jy kan alle soorte tekste hardop lees. Jy kan byvoorbeeld 'n interessante koerantberig, 'n niefiksieboek, of 'n liedjie of gedig gebruik. Kies sowel fiksie as niefiksie.
2. Kies soms boeke oor die onderwerpe wat jy in die taalkurrikulum of in ander leerareas onderrig.

**Dit moet 'n volle verhaal/teks wees:**

1. Lees 'n hele teks. Dis belangrik dat kinders hoor hoe 'n hele teks saamgesnoer word.
2. Jy kan in Graad 2 en 3 'n paar dae neem om 'n langer storie klaar te lees. Lees elke dag genoeg om die kinders nuuskierig te maak oor die storie. Stop by 'n opwindende gedeelte.

**Die tekste moet uitdagend genoeg wees:**

1. Die teks moet interessante woordeskat, idees en taal bevat.
2. Kies tekste wat moeiliker is as wat die kinders self kan lees, maar wat hulle steeds kan verstaan.



VRAE

**Gaan jou begrip na: Pas die kolomme**

Pas die onderwyser se gedagtes in **Kolom 1** by die kriteria vir boekseleksie in **Kolom 2.**

| **1**/ ONDERWYSER SE GEDAGTES | **2**/ KRITERIA VIR BOEKSELEKSIE |
|---|---|
| 1 Die onderwyser blaai deur 'n storie en dink dit bevat interessante karakters en dat daar baie humor in die storie is. | a. Gevarieerd |
| 2 Die onderwyser dink sy wil die kinders aan meer poësie blootstel aangesien hulle nie baie poësie gedurende die jaar gedoen het nie. | b. Uitdagend |
| 3 Die onderwyser lees 'n plakkaat en dink nie dit sal handig wees nie, aangesien die woorde te simplisties en herhalend is. | c. Moet die storie kan voltooi |
| 4 Die onderwyser dink sy moet seker maak dat sy die storie binne 'n week sal voltooi as sy elke dag 'n klein stukkie lees. | d. Innemend en relevant |

**Besinning**

Voordat jy jou antwoorde nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. CKan jy onthou dat 'n onderwyser vir jou hardop gelees het toe jy op laerskool was?
2. Wanneer laas het jy 'n boek hardop vir jou leerders gelees?

**Antwoorde**

Welgedaan! Jy het Les 4 voltooi.



# Les 5: Die les in hardop lees

60 mins

Welkom terug.

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Wat om te doen voor jy 'n les in hardop lees begin
- Wat om tydens 'n les in hardop lees te doen
- Wat om na 'n les in hardop lees te doen
- Die belangrikheid van gebare en uitdrukkings
- Voorbereiding van vrae om tydens die les in 'onderwyser lees hardop' te vra

## Voorbereiding

VIDEO

**Watch video 41: Preparing for Read Aloud**

2 mins

Kyk na video 41: Preparing for Read Aloud

1. Hoe besluit die onderwyser watter teks moet hardop gelees word?
2. Hoe berei sy haar self voor om hardop te lees?
3. Wanneer doen sy die voorbereiding?




WATCH NOW

## Belangrike punte uit die video

1. Die onderwyser kies 'n innemende storie wat met goeie illustrasies gepaard gaan.
2. Sy lees die storie want sy weet hoe die plot verloop, waar daar 'n ruspouse moet wees, wie die karakters is en hoe lank dit sal neem om te lees.
3. Sy skryf die vrae neer wat sy voor, tydens en na die lees sal vra.

## Die les in hardop lees

### *Voor daar gelees word*

a) Dui aan dat dit tyd is vir hardop lees. Gebruik byvoorbeeld 'n klokkie, liedjie of frase.
b) Probeer om dit elke dag min of meer dieselfde tyd te doen om 'n roetine te vestig en die kinders opgewonde te maak.
c) Kry die leerders se volle aandag deur te verduidelik hoekom jy die teks gekies het en hoekom jy dink hulle dit sal geniet.
d) Wys die kinders die omslag en bespreek kortliks die titel om hul bestaande kennis te aktiveer. (Moenie te lank hieraan bestee nie – die tyd moet grotendeels aan leeswerk bestee word!)
e) As jy aangaan met 'n storie van die vorige dag, gaan net vinnig oor alles wat klaar gelees is.
f) Verduidelik die betekenis van belangrike woorde of idees.



### *Terwyl daar gelees word*

a) Gebruik uitdrukking en gebare.
b) Wys foto's maar moenie te dikwels ophou lees nie.
c) Vra 'n paar vrae (wie, wanneer, wat, waar en waarom), maar moenie die vloei van die storie onderbreek nie.

### *Nadat daar gelees is*

a) Vra waarderende vrae. Vind byvoorbeeld uit wat die kinders geniet het.
b) Help die kinders om die storie vinnig op te som of oor te vertel.
c) Laat die kinders sekere dele van die storie uitspeel.





## Lees met uitdrukking

Wanneer 'n storie goed hardop gelees word, met uitdrukking en emosie, word dit lewendig vir die luisteraar.
Om uitdrukkingsvol en met toepaslike intonasie te lees, verg oefening, selfs van vaardige lesers.

1. Gebruik gesigsuitdrukkings (frons, glimlag, gryns, skewebek) om emosies te demonstreer.
2. Gebruik gebare (skouers ophaal, handbewegings, drukkie, aanraking) om betekenis te demonstreer.
3. Gebruik stemwisseling om verskillende karakters aan te toon (diep toon vir volwassene, hoë toon vir kind, growwe toon vir groot dier).
4. Gebruik stemtoon om vrae of opdragte aan te toon.
5. Gebruik 'n vloeiende tempo maar moenie te vinnig lees nie.
6. Gebruik ruspouses om dramatiese effek te skep.
7. Gebruik oogkontak om met die leerders te konnekteer.






## Vra vrae tydens hardop lees

VIDEO

### Kyk na video 1F: During Reading – Ask Questions

1 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Hoe help die onderwyser se vrae die kinders om die storie beter te verstaan?
2. Hoe help haar vrae die kinders om te leer wat goeie lesers doen?




WATCH NOW

### Kyk na video 52: After Reading – Ask Questions

2 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Watter soort vrae vra die onderwyser (letterlik, om 'n afleiding te maak of waarderend)?
2. Hoekom vra sy hierdie soort vrae nadat sy die storie gelees het?




WATCH NOW



VRAE

### Gaan jou begrip na: Waar of onwaar?

**Antwoorde**

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.


1. Nie alle boeke en tekste is geskik vir die onderwyser om hardop te lees nie. **Waar of onwaar?**
2. 'n Onderwyser moet die storie deurlees voordat dit hardop vir die kinders gelees word. **Waar of onwaar?**
3. Vrae hoef nie voorberei te word nie, aangesien die onderwyser daaroor kan dink terwyl sy lees. **Waar of onwaar?**
4. As die onderwyser gebare, gesigsuitdrukkings en oogkontak tydens hardop lees gebruik, maak dit die storie vir die kinders interessanter. **Waar of onwaar?**

**Besinning**

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Oefen jy ooit om 'n storie hardop te lees voordat jy dit vir jou klas lees?
2. Sou jy dieselfde teks meer as een keer hardop vir jou leerders lees en indien wel, waarom?

Welgedaan! Jy het Les 5 voltooi.



# Les 6: Assessering tydens hardop lees

60 mins

Welkom terug.

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Hoe om te assesseer terwyl jy hardop lees.
- Assessering van die leerders tydens hardop lees.

Terwyl jy hardop lees, het jy die geleentheid om twee soorte assessering te doen. Een is om jouself as die onderwyser te assesseer en die ander is om jou leerders te assesseer. Albei is informele assesserings.

Dit is baie belangrik om jou waarnemings in hierdie informele assesserings te gebruik om jou onderrig in die toekoms aan te pas. Leerders sal nie almal dieselfde boeke geniet nie, en jy kan dus voel jy moet meer doen om meer leerders betrokke te kry en belang te stel in die boeke wat jy hardop lees. Die manier waarop jy die boek bekendstel, maak in hierdie opsig 'n groot verskil.

### *Assessing yourself*

a) Neem die leerders se reaksies en vlakke van betrokkenheid waar (kyk gereeld na hulle om hul reaksies te sien).
b) Kontroleer of jy op 'n lewendige en innemende manier lees.
c) Kontroleer of jy nie te vinnig of te stadig lees nie.
d) Kontroleer of jy 'n verskeidenheid soorte teks lees.
e) Kontroleer of jy die leerders deur die loop van die jaar stelselmatig aan effens ingewikkelder tekste blootstel.

### *Assesseer die leerders*

a) Let op die leerders se reaksies.
b) Let op wie betrokke is en wie nie. Wat doen jy met hierdie inligting?
c) Vra vrae om leerders se luisterbegrip te kontroleer.
d) Onthou: Die oorhoofse doelwit van hardop lees is genot en verryking. As daar te veel op assessering en vrae gefokus word, sal die leerders vinnig belangstelling verloor.



VIDEO

**Kyk na video 53: Assessing During Read Aloud**

3 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:

1. Wat let die onderwyser op oor hoe die leerders reageer?
2. Wat dink sy dalk oor die wyse waarop sy die boek lees?




WATCH NOW

**Belangrike punte uit die video**

1. Die onderwyser het oogkontak behou deur op te kyk en seker te maak dat die kinders byhou.
2. Sy het baie gesigs- en stemuitdrukking gebruik.
3. Sy het 'n matige tempo gehandhaaf.
4. Sy het die kinders geprys toe hulle gepas gereageer het.
5. Sy het verskillende soorte vrae gevra.
6. Een van haar vrae was om seker te maak hulle verstaan.
7. Met 'n ander vraag het sy die leerders gevra om te voorspel wat volgende gaan gebeur
8. Sy het ophou lees toe sy sien dat die klas nie ten volle betrokke was nie.

**Die tabel hier onder bevat idees oor hoe die onderwyser haar leeswerk kan monitor en aanpas volgens haar waarnemings van die leerders.**

| HARDOP LEES: INSTRUMENT VIR INFORMELE ASSESSERING | | |
|---|---|---|
| **Assessering** | **Indien ...** | **Dan ...** |
| Fokus die kinders en is hulle betrokke by die storie? | Hulle wil hê dat jy dieselfde storie oor en oor moet lees ... | • Lees die stories waarvan hulle hou, maar maak seker jy lees ook baie ander stories. |
| | Hulle vroetel rond en wil nie fokus nie ... | • Sluit meer aksies, uitdrukking en energie by jou leeswerk interessant. • Maak seker hulle luister goed deur vir hulle 'n taak te gee soos "Luister mooi want ek gaan later vrae oor drie belangrike dinge vra". |
| Toon die kinders begrip deur vrae op die regte manier te beantwoord? | Indien ja ... | • Dan is dit wonderlik! Probeer 'n opvolgvraag wat hul denke verbreed. |
| | Indien nee ... | • Herformuleer die vraag, lees weer die gedeelte en gee 'n paar leidrade. |
| Sukkel die kinders met sekere soorte vrae (bv. voorspelling, om menings te gee)? | Indien ja ... | • Maak 'n aantekening om daardie soort vraag tydens die volgende les vir gedeelde lees eksplisiet te modelleer en te verduidelik. |
| Kan die kinders na die tyd die storie oorvertel? | Belangrike besonderhede ontbreek. | • Gee leidrade om hulle te help om al die besonderhede in te sluit. |
| Kan die kinders begrip toon deur die storie uit te speel? | Hulle kan dit op hul eie doen. | • Wonderlik! Verbreed hul begrip deur hulle te vra om besonderhede te gee of die einde te verander. |
| | Hulle sukkel om dit op hul eie te doen. | • Gee hulle 'n raamwerk – dit kan behels dat jy 'n deel van die storie gebruik of rolle aan die kinders toeken. |



VRAE

**Gaan jou begrip na: Ja of Nee?**

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

**Antwoorde**

1. Die 'onderwyser lees hardop' moet formeel geassesseer word. Ja of Nee?
2. Slegs die leerders word tydens die 'onderwyser lees hardop' geassesseer. Ja of Nee?
3. Jou waarneming van die leerders is 'n belangrike manier om te bepaal of hulle van die storie/teks hou. Ja of Nee?
4. Die onderwyser moet voortgaan om te lees wat sy voorberei het, ongeag die leerders se reaksies. Ja of Nee?

**Besinning**

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Waarom, dink jy, is dit vir leerders lekker as die onderwyser vir hulle hardop lees?
2. Hoe gereeld neem jy leerders se reaksies waar en pas jou onderrig aan om voorsiening te maak vir wat jy waargeneem het?

Welgedaan! Jy het Les 6 voltooi.



# Les 7: Alles oor gedeelde lees

60 mins

## Wat jy in hierdie les sal leer

- Gedeelde lees word deur die onderwyser saam met die kinders gedoen
- Groot boeke (of vergrote tekste) word gebruik
- Tydens gedeelde lees word lees- en begripstrategieë deur die onderwyser bekendgestel en geoefen

## Wat is gedeelde lees?

Die vorige eenheid het 'onderwyser lees hardop' gedek. Wanneer die onderwyser hardop lees, neem sy die volle verantwoordelikheid vir die leesproses. Sy doen die "Ek doen"-deel van die geleidelike-oordag-model. In gedeelde lees ondersteun sy die leerders om saam met haar te lees. Gedeelde lees is die KABV-leesaktiwiteit "Ons doen dit saam". Die onderwyser wys die kinders hoe om 'n teks met begrip te lees en doen dit saam met hulle.

VIDEO

### Kyk na video 63: What is Shared Reading?

22 mins

Dit is 'n lang video, maar dit gee 'n goeie oorsig van gedeelde lees.

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:

1. Waarom word groot boeke vir gedeelde lees gebruik?
2. Hoe lei die onderwyser die kinders om saam met haar te lees?
3. Waarom word dieselfde teks vir al drie lesse vir gedeelde lees in die week gebruik?




WATCH NOW



## Belangrike punte uit die video

1. Die onderwyser en leerders lees saam 'n groot boek of vergrote teks.
2. Voordat sy die teks lees, doen sy 'n "wandel deur die prente" om die kinders met die plot en karakters van die storie vertroud te maak.
3. Die onderwyser lei die leeswerk in die eerste les – leerders sluit tydens die volgende lesse aan.
4. Die onderwyser fasiliteer die bespreking oor die teks en daar is sterk klem op die ontwikkeling van begrip.
5. Die onderwyser onderrig eksplisiet die woordeskat in die teks wat die leerders moet verstaan. Sy hersien die nuwe woordeskat tydens die tweede en derde les.
6. Die onderwyser onderrig eksplisiet 'n leesstrategie (in hierdie geval, die interpretering van leestekens terwyl daar gelees word).
7. Die onderwyser ondersteun die leerders om die strategie wat sy hulle geleer het, te oefen (in hierdie geval, die gebruik van leestekens).

## Waarom is gedeelde lees belangrik?

1. Alle kinders kan 'n gevoel van sukses ervaar: In gedeelde lees word effens uitdagende tekste saam deur die onderwyser en die kinders gelees. Omdat hulle die leeswerk met die onderwyser deel, kan kinders met sukses tekste lees wat 'n bietjie moeiliker is as dié wat hulle alleen kan lees
2. Dit help die kinders om aandag aan die teks te skenk: Die onderwyser help kinders om te sien waar hulle hul aandag tydens lees moet fokus. Sy kan hul aandag daarop fokus om die betekenis van die teks te vind.
3. Kinders leer leesstrategieë: Die onderwyser fokus die kinders se aandag op strategieë wat deur goeie lesers gebruik word. Die hele klas oefen hierdie strategieë met behulp van die onderwyser.

   Voorbeelde van strategieë, gedrag en vaardighede is:

- interpretering van leestekens tydens lees
- om 'n verband tussen idees in die teks te maak
- om idees in die teks aan agtergrondkennis te koppel
- om uit te werk wat jy moet doen as jy nie 'n woord verstaan nie
- om jou begrip te monitor.



### Wanneer doen ek gedeelde lees?

1. Drie keer per week. Die rooster vir gedeelde lees in Graad 1 tot 3 is 15 minute, drie keer per week.
2. Gebruik dieselfde teks vir die drie lesse. Herhaalde lees met die ondersteuning van die onderwyser help om leesvaardighede te ontwikkel.
3. Dis belangrik om te onthou dat leerders al hoe minder hulp nodig het namate hulle selfstandige lesers word. Die hulp wat die onderwyser in Graad 3 aanbied, verskil van die hulp in Graad 1.

### Watter tekste om tydens gedeelde lees te gebruik

1. Buiten die gebruik van 'n teks met 'n groot of vergrote lettertipe, wat anders moet 'n onderwyser oorweeg wanneer tekste vir gedeelde lees gekies word?
2. Kies tekste wat help om op die leesstrategie te fokus: Byvoorbeeld: As jy die vaardigheid van opeenvolging gaan onderrig, kies 'n teks met 'n volgorde van gebeure wat maklik is om te identifiseer.
3. Kies tekste waarvoor kinders 'n bietjie hulp nodig sal hê om te lees: Die teks moet 'n effens moeiliker wees as dié wat kinders alleen kan lees. Boeke vir gedeelde lees is gewoonlik die groot gegradeerde leesboeke vir begeleide lees – dit berei kinders voor vir groepbegeleide lees. Maak seker dat jy langer en ingewikkelder tekste gebruik namate die jaar vorder, en dat moeiliker tekste in hoër grade gebruik word.
4. Kies 'n verskeidenheid tekste: Gebruik gedurende die jaar verskillende soorte (genres) tekste, soos stories, liedjies, gedigte, rympies, toneelstukke, inligtings- en prosedurele tekste.

VIDEO

### Kyk na video 66: Informal Assessment in Shared Reading

1 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:

1. Watter soort teks lees die onderwyser?
2. Wat doen die onderwyser om leerders in staat te stel om tydens leeswerk die leiding te neem?




WATCH NOW



VRAE

### Gaan jou begrip na: Waar of onwaar?

**Antwoorde**

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

1. Verskillende tekste word gedurende die week vir die drie lesse in gedeelde lees gebruik. **Waar of onwaar?**
2. 'n Groot boek (of vergrote teks) word tydens gedeelde lees gebruik. **Waar of onwaar?**
3. Begrip word regdeur die les eksplisiet deur die onderwyser ontwikkel. **Waar of onwaar?**
4. Die onderwyser lees tydens gedeelde lees vir die leerders. **Waar of onwaar?**

**Besinning**

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Waarom, dink jy, is dit belangrik dat 'n vergrote (of groot) teks vir gedeelde lees gebruik word?
2. Waarom is dit belangrik dat 'n Graad 1-onderwyseres na die woorde wys terwyl sy lees?

Welgedaan! Jy het Les 7 voltooi.

# **Les 8 en 9:** Die onderrig van gedeelde lees, drie keer per week

**60 mins**

Welkom terug.

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Hoe om drie lesse in gedeelde lees met behulp van dieselfde teks te onderrig
- Die belangrikheid van goeie voorbereiding vir lesse in gedeelde lees
- Die belangrikheid van herhaalde blootstelling en versterking van woordeskat, lees- en begripstrategieë

Jy sal kyk na drie video's van 'n onderwyser wat 'n Graad 1-klas onderrig. Elke video wys 'n les in gedeelde lees in dieselfde week. Alhoewel die video's redelik lank is, sal dit nuttig wees om dit agtereenvolgens te kyk sodat jy kan vergelyk wat die onderwyser in elke les doen.

VIDEO

**Kyk na video 61: Shared Reading three times a week: Lesson 1**

**16 mins**

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:

1. Hoe help die onderwysers die kinders om die teks te verstaan?
2. Hoe help sy hulle om persoonlik op die teks te reageer?
3. Hoe help sy hulle om beter te lees?




WATCH NOW

**Samevatting van Les 1**

1. Die klem is om die kinders te help om die teks te verstaan en persoonlik daarop te reageer.
2. Die onderwyser het 'n voor-tydens-na-raamwerk vir haar les gebruik.
3. Sy het 'n gesprek oor die onderwerp aangeknoop en die kinders gevra om te herroep wat hulle van die onderwerp weet.
4. Sy het die teks gelees en deur die prente "gewandel" om die kinders met die verhaal vertroud te maak.
5. Sy het na die woorde gewys terwyl sy en die klas dit gelees het.
6. Sy het woordeskat uit die teks onderrig en seker gemaak die kinders verstaan die teks.
7. Sy het die leesstrategie wat sy wou onderrig, bekendgestel (hoe om leestekens te gebruik om betekenis aan die teks te gee).

VIDEO

**Kyk na video 64: Shared Reading three times a week: Lesson 2**

**13 mins**

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:

1. Hoe verskil hierdie les van Les 1?
2. Hoe steier of ondersteun die onderwyser die leerders om die teks te dekodeer?
3. Hoe ondersteun sy die leerders om die teks te verstaan?




WATCH NOW

### Samevatting van Les 2

1. Die fokus van die les was om 'n nuwe leesstrategie te onderrig (die fokusstrategie).
2. Die onderwyser het 'n voor-tydens-na-raamwerk vir haar les gebruik.
3. Die onderwyser het die woordeskat wat in Les 1 onderrig is, hersien.
4. Sy het die fokusstrategie wat in Les 1 onderrig is, gekonsolideer.
5. Sy en die kinders het die teks saam gelees terwyl sy na die punte gewys het.
6. Sy het die leerders herinner om die strategie tydens groepbegeleide lees, lees in pare en selfstandige lees te oefen

VIDEO

**Kyk na video 65: Shared Reading three times a week: Lesson 3**

16 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vraag:

1. Hoe verskil hierdie les van Les 1 en Les 2?




WATCH NOW

### Samevatting van Les 3

1. Hierdie les se fokus was op die hersiening van die leesstrategie wat reeds onderrig is.
2. Die onderwyser het 'n voor-tydens-na-raamwerk vir haar les gebruik.
3. Die onderwyser het die leerders aan die titel van die storie herinner.
4. Sy het woordherkenning met woordkaarte gedoen.
5. Sy het seker gemaak die kinders ken die betekenis van die woorde deur hulle te vra om die woord te pas by die prent wat daardeur voorgestel is.
6. Sy het die leesstrategie wat sy onderrig het, herhaal (hoe om leestekens in 'n teks te interpreteer en te lees).
7. Sy het die kinders aangespoor om die strategie saam met haar te oefen.
8. Sy het die kinders gevra om die sinne lyn vir lyn te lees.
9. Sy het die woorde uitgewys terwyl hulle gelees het.
10. Sy het by tye stilgebly en die kinders sonder haar hulp laat lees.
11. Sy het die kinders gereeld herinner om na die teks en woorde te kyk terwyl hulle lees.
12. Sy het die kinders aangemoedig om vinniger en met meer intonasie te lees.
13. Sy het post-lees-vrae gebruik om seker te maak hulle verstaan wat hulle gelees het.
14. Sy het werk in pare gebruik om al die kinders aan te moedig om aan die bespreking deel te neem.



VRAE

### Gaan jou begrip na: Waar of onwaar?

**Antwoorde**

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

1. Om vir gedeelde lees voor te berei, moet 'n onderwyser slegs die teks en die lees- en/of begripstrategie kies wat sy wil onderrig. **Waar of onwaar?**
2. Nuwe woordeskat wat geleer moet word, moet in die teks vir gedeelde lees vervat wees. **Waar of onwaar?**
3. Lesse in gedeelde lees moet 'n pre-tydens-voor-raamwerk volg om met begrip te help. **Waar of onwaar?**
4. Herhaalde blootstelling aan die nuwe woordeskat, die teks en die begripstrategieë versterk leer en memorisering. **Waar of onwaar?**
5. Die onderwyser moet altyd die leeswerk tydens gedeelde lees lei. **Waar of onwaar?**
6. Dit is nie moontlik dat leerders tydens gedeelde lees in pare werk nie. **Waar of onwaar?**

**Besinning**

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Dink jy dat jy genoeg tyd bestee aan die voorbereiding van jou lesse vir gedeelde lees om seker te maak dat die leerders stelselmatig aan nuwe woordeskat en nuwe lees- en begripstrategieë blootgestel word?
2. Het enige van die video's wat jy in hierdie eenheid gesien het, jou geïnspireer om iets te verander aan die manier waarop jy onderrig?

Welgedaan! Jy het Les 8 en 9 voltooi.



## Les 10: Assessering tydens gedeelde lees

60 mins

Welkom terug.

### Wat jy in hierdie les sal leer

- Die belangrikheid van informele assessering tydens gedeelde lees
- Waarom dit belangrik is dat die onderwyser kyk en luister
- Waarop die assesserings moet fokus

Gedeelde lees bied aan die onderwyser die geleentheid om deurlopende informele assessering te doen. Die onderwyser moet baie fyn aandag skenk aan individuele leerders asook aan die klas as geheel.

1. WHou die leerders baie noukeurig dop en skenk aandag aan diegene wat nie volg nie, diegene wat deelneem en diegene wat lyk asof hulle net die ander naboots.
2. Luister mooi om te hoor of daar leerders is wat agterraak in lees.
3. Let op hoe leerders oefen wat jy in die mini-les onderrig het.
4. Hou leerders se probleme in gedagte sodat jy hulle tydens groepbegeleide lees kan help.


VIDEO

### Kyk na video 66: Informal Assessment in Shared Reading

1 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vraag:

1. Wat doen die onderwyser as hy agterkom dat nie al die kinders byhou met die leestempo nie?




WATCH NOW

**Lees deur die onderstaande tabel.**
**Die tabel lei informele assessering tydens gedeelde lees.**

| GEDEELDE LEES: INSTRUMENT VIR INFORMELE ASSESSERING | | |
|---|---|---|
| **Assessering** | **Indien ...** | **Dan ...** |
| Lees die kinders saam as daar gelees word (deel)? | As 'n paar kinders lees, maar dit lyk asof baie van hulle nie lees nie ... | • Vra 'n kleiner groep kinders om een vir een saam met jou te lees.<br>• Lees sagter sodat die kinders se stemme gehoor kan word. |
| Lees hulle die woorde teen jou tempo, soos jy dit vir hulle uitwys? | Indien nie ... | • Gaan terug na die teks en moedig die leerders aan om te lees waar jy wys. |
| Gebruik hulle die lees-strategie wat jy gemodelleer en onderrig het? | As jy onseker is of hulle die leesstrategie toepas ... | • Herinner die kinders aan die strategie.<br>• Laat hulle die strategie oefen, en laat hulle dit dan verder in die boek saam met 'n maat toepas. |
| Verstaan al die kinders die teks? | As dieselfde paar kinders al die vrae wil beantwoord ... | • Laat elke kind die vrae beant-woord en saam met 'n maat na die antwoorde luister. |
| Kan hulle in Graad 3 sonder 'n aanwyser lees? | Indien nie ... | • Verduidelik dat jy soms die aan-wyser sal verwyder en dat jy wil hê hulle daarsonder moet lees.<br>• Beweeg bewustelik die aanwy-ser vinniger oor die woorde wat in die teks herhaal word en wat die meeste voorkom. |



VRAE

## Gaan jou begrip na: Waar of onwaar?

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

1. Gedeelde lees gaan oor meer as kinders wat net die teks herhaal nadat die onderwyser dit gelees het. **Waar of onwaar?**
2. Noukeurige waarneming van die leerders terwyl hulle saam met die onderwyser lees, is 'n nuttige manier om te bepaal watter kinders byhou en watter nie. **Waar of onwaar?**
3. Die onderwyser moet haar onderrig van gedeelde lees aanpas om aan die behoeftes van die leerders te voldoen. **Waar of onwaar?**
4. Die onderwyser moet in haar geheue prent of die meeste leerders die strategie wat sy onderrig het, kan toepas. As die meeste van die leerders sukkel, sal sy die volgende week dieselfde strategie moet hersien. **Waar of onwaar?**

**Antwoorde**

**Besinning**

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Hou jy die kinders tydens gedeelde lees noukeurig dop om probleme en sterk punte te bepaal?
2. Is jy aanpasbaar met jou tempo van onderrig om vir die reaksies van die leerders voorsiening te maak?

Welgedaan! Jy het Les 10 voltooi.

## Antwoorde op vrae in lesse

### Les 1

**1. Waar.** Die vyf leesaktiwiteite is ontwerp volgens die konsep van die onderwyser wat geleidelike verantwoordelik in leeswerk oordra.
**2. Onwaar.** Hardop lees word met die hele klas gedoen.
**3. Waar.** Die hoofdoel om kinders te leer lees, is sodat hulle doeltreffende, selfstandige lesers kan word.
**4. Waar.** Al vyf leesaktiwiteite word in alle grade in die grondslagfase geoefen. Soos jy later sal sien, word minder of meer tyd aan die verskillende leesaktiwiteite in die grade toegeken, aangesien die onderwyser in staat is om die verantwoordelikheid vir lees na die leerders oor te dra namate hulle deur die grade vorder.

### Les 2

**1. d)** Die onderwyser lees hardop vir die klas.
**2. a)** Onderwyser demonstreer strategie en kinders lees saam met haar.
**3. b)** Onderwyser luister na elke kind en lei hul leesontwikkeling.
**4. c)** Onderwyser lees stilweg in haar eie boek om te modelleer en die kinders te inspireer.

### Les3

**1. Waar.** Teen die einde van Graad 3 moet leerders in staat wees om toepaslike tekste selfstandig en met begrip te kan lees. Dit sal hulle in staat stel om die uitdagings van leer in die intermediêre fase die hoof te bied.
**2. Waar.** Groepbegeleide lees bied 'n baie belangrike geleentheid aan die onderwyser om individuele aandag aan leerders te gee en om te bepaal hoe hulle leeswerk vorder. Die proses kan egter in die onderskeie grade verskil. Byvoorbeeld: Leerders wat selfstandig (waarskynlik in Graad 3) kan lees, kan stilweg lees en dan die onderwyser se vrae beantwoord oor wat hulle lees.
**3. Waar.** Dis onwaarskynlik dat kinders hul eie keuse van boeke sal lees as tyd nie hiervoor toegestaan word nie. Aangesien lees met oefening verbeter, is dit belangrik om tyd vir selfstandige lees in te rig.

### Les 4

**1. d)** Die onderwyser blaai deur 'n storie en dink dit bevat interessante karakters en dat daar baie humor in die storie is. So word daar van die vlak van betrokkenheid en belangstelling seker gemaak.
**2. a)** Die onderwyser dink sy wil die kinders aan meer poësie blootstel aangesien hulle nie baie poësie gedurende die jaar gedoen het nie. Dit beteken dat gevarieerde tekste gebruik word sodat kinders aan 'n verskeidenheid tekssoorte blootgestel word.
**3. b)** Die onderwyser lees die plakkaat en dink nie dit sal handig wees nie, aangesien die woorde te simplisties en herhalend is. So word daar seker gemaak dat dit uitdagend genoeg is, sonder om te moeilik te wees.
**4. c)** Die onderwyser maak vinnig seker dat sy die storie binne 'n week sal voltooi as sy elke dag 'n klein stukkie lees. Sy bepaal hoe lank dit sal neem om die storie te voltooi.

### Les 5

**1. Waar.** Sommige boeke soos inligtingstekste of naslaanboeke sal nie doeltreffend vir hardop lees wees nie.
**2. Waar.** Dit is noodsaaklik dat onderwysers alle tekste deurlees voordat hulle dit onderrig.
**3. Onwaar.** Dit is belangrik dat onderwysers die vrae voorberei en wanneer dit in die teks voorkom, om te stop en die vrae te vra.
**4. Waar.** Gesigsuitdrukkings, gebare en oogkontak verryk die luisterervaring vir die leerders.



### Les 6

**1. Nee.** Die aktiwiteit waar die onderwyser hardop lees, is slegs vir informele assessering.
**2. Nee.** Die onderwyser moet haarself gedurende die leeswerk assesseer en die nodige aanpassings maak op grond van die reaksies wat sy kry.
**3. Ja.** Noukeurige waarneming van leerders se reaksies (sowel verbaal as nieverbaal) onthul baie oor hul betrokkenheid en begrip.
**4. Nee.** As die onderwyser sien dat die kinders se aandag afgelei is of dat hulle nie die storie geniet nie, moet sy stop en haar strategie aanpas.

### Les 7

**1. Onwaar.** Dieselfde teks word vir drie lesse in gedeelde lees gebruik. Dit is om die leerders herhaaldelik aan die nuwe woorde en konsepte bloot te stel.
**2. Waar.** Vergrote teks of 'n groot boek word tydens gedeelde lees gebruik.
**3. Waar.** Die onderwyser moet tydens elke les vir gedeelde lees begrip onderrig en (informeel) assesseer.
**4. Onwaar.** Die onderwyser lees saam met die leerders en moedig hulle toenemend aan om sonder haar te lees.

### Les 8 + 9

**1. Onwaar.** Om vir gedeelde lees voor te berei, moet 'n onderwyser die teks en die lees- en/of begripstrategie kies wat sy wil onderrig, uitwerk watter vrae sy sal vra en hulpmiddels maak om haar met die onderrig te help.
**2. Waar.** Nuwe woordeskat moet in die teks vir gedeelde lees vervat wees. Dit bied 'n konteks vir die nuwe woorde.
**3. Waar.** Lesse in gedeelde lees moet 'n pre-tydens-voor-raamwerk volg om met begrip te help.
**4. Waar.** Herhaalde blootstelling aan die nuwe woordeskat, die teks en die begripstrategieë versterk leer en memorisering
**5. Onwaar.** Die onderwyser moet soms tydens gedeelde lees leiding neem en soms die kinders toelaat om leiding te neem.
**6. Onwaar.** Dit is moontlik dat leerders tydens gedeelde lees in pare werk en dit word sterk aanbeveel.

### Les 10

**1. Waar.** Gedeelde lees gaan oor baie meer as kinders wat net die teks herhaal nadat die onderwyser dit gelees het. Dit gaan daaroor dat die kinders die verantwoordelikheid deel om die teks sinvol te maak.
**2. Waar.** Om te leer hoe om kinders noukeurig en goed waar te neem, is een van die belangrikste maniere om hul vordering en begrip na te gaan.
**3. Waar.** Die hoofdoel om leerders deurlopend te assesseer, is sodat die onderwyser haar onderrig kan aanpas en wysig. As sy sien dat die leerders sukkel, moet sy weer verduidelik, stadiger te werk gaan of bykomende geleenthede bied vir die leerders om in te haal. Dit kan met die hele klas gedoen word (as die meeste van hulle sukkel) of met kleiner groepe tydens groepbegeleide lees of remediërende werk.
**4. Waar.** Die onderwyser moet gereeld aantekeninge maak en feite onthou om die voorbereiding van haar volgende lesse en assesserings in te lig.

## Notas vir selfassessering

creative commons
CC-BY- 4.0

Vir verdere inligting en om toegang tot al ons hulpbronne te verkry, besoek fundawande.org

9 781990 952661